

Teks vooraf:

Sing vooraf: Psalm 89:2,12.

2-

*Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek,
met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie,
niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig,
jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.*

-12-

*Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan,
sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie,
bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë -
Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2.

2-

*U goedheid, HEER, is hemelhoog;
u waarheid tot die wolkeboog;
u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet;
u oordeel is 'n diepe vloed;
U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God!
Hoe vlug die mensekinders tot
u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis;
U laaf hul uit 'n stroom wat bruis
uit dieptes van ontferming.*

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met

Psalm 25:5

5-

*Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid,
en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid
en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer,
al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER,
swaar en menigmaal misdrewe!*

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**

- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 51:6.

6-

Gee my weer lewensvreug, die soete smaak

wat ek moet mis, in sondesmart verlore;

gee my gewilligheid, uit vreug gebore,

wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.

Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer:

"Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"

Ek wil oortreders dan u weë leer,

bekering aan die sondaars bly verkondig.

Skriflesing: Johannes 1:1 - 14.

Teks: Johannes 1:12

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; (Joh 1:12 AFR1953)

Kyk na die woordspeling in Johannes hoofstuk 1: Lig teenoor donker.

- Na die sondeval is die hele mensdom in die grootste donker gehul.
- Daarteenoor was die waaragtige Lig wat elke mens verlig, aan kom in die wêreld (1:9).

Die Lig wat aan die kom was, is die Lig wat elke mens van sy geboorte af sou verlig.

- Die Lig was nie net 'n Lig wat oor mense sou skyn nie - dit was 'n Lig wat veral binne-in mense in sou deurwerk.
- Hierdie Lig wat verskyn het was "die Son van geregtigheid" wat oor die mense opgegaan het - soos wat die Bybel dit op 'n ander plek leer.

Kom ons kyk eers saam na hierdie beeld wat die apostel Johannes hier in die evangelie gebruik: Die beeld van dag en nag en die son wat opkom, is 'n beeld wat regdeur die Bybel voorkom.

In die Ou Testament kry ons die beeld van die oordeel van die Here wat om middernag voltrek word.

- Dink byvoorbeeld aan Eksodus 11:4 waar Moses aangekondig het dat die HERE gesê het dat Hy middernag dwarsdeur Egipte gaan trek en al die eersgeborenes doodmaak.
- Nog 'n voorbeeld is Simson wat middernag opgestaan het en die deure van die stadspoort en die twee deurposte gegryp en dié met grendel en al uitgeruk en op sy skouers gesit en dit gedra het tot op die top van die berg wat teenoor Hebron lê (Rigters 16:3).
- In een van die gelykenisse word aangekondig dat die koms van die Here op die donkerste uur sal wees: En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! (Matteus 25:6).
- Paulus het ook daarvan geskryf: Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord (Romeine 13:12).

Die Lig waarvan Johannes praat, wat aan die kom was in die wêreld, sluit by hierdie beelde aan.

- Met die koms van die Lig van die Here Jesus in ons wêreld, het die ewigheid reeds in beginsel aangebreek.
- Daarom sluit die boek Openbaring (22:5) ook by hierdie beeld aan in sy beskrywing van die hiernamaals:

En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid. (Ope 22:5 AFR1953)

En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. (Ope 21:23 AFR1953)

Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, want die heerlijkheid van God sal oor ons skyn en die Lam is sy lamp.

Baie jare later het die apostel Johannes weer oor hierdie Lig geskryf wat in die wêreld ingekom het. Maar toe het hy hierdie Lig heeltemal anders gesien:

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Ope 1:16 AFR1953)

Daarmee het Johannes die beskrywing van die Son van Geregtigheid wat opgekom het oor sy eiendom voltooi.

- Die Lig is God self wat in krag en volmaaktheid en ewige heerlijkheid oor sy koninkryk regeer.
- Die Here het mens geword en op die aarde kom woon.
- Hy het die heil van verlossing oor sy eiendom waar gemaak: Hy het daarmee begin om hulle volmaak te vernuut.

Met die aankoms van die Lig in die wêreld, het sy eiendom Hom nie geken nie.

- Daar was nie 'n band wat die skepsele aan hulle Skepper gebind het nie, want die skepsele het hierdie band ontken.
- Die Heilige Gees skryf hier dat hulle hom nie aangeneem het nie. Dit beteken dat die wat Hom nie aangeneem het nie, nie kinders van God is nie - en dus verlore gaan.

Die mense wat die Here Jesus aanneem, het die ewige lewe.

- *Die ewige lewe is 'n verhouding van lewende gemeenskap met die Here Jesus.*
- Die Here Jesus Christus het eenkeer self 'n definisie gegee van wat die ewige lewe is:
En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (Joh 17:3 AFR1953)

Die ewige lewe is dat hulle U ken. Dit gaan oor die woord "ken."

- *Om die Here te ken, is om met Hom gemeenskap te hê en om te doen wat Hy van ons verwag.*

Die Here Jesus het self 'n paar keer na hierdie situasie verwys.

- Eenkeer het Hy gesê:
Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. (Joh 10:14-15 AFR1953)
- 'n Ander keer het Hy gesê: My skape luister na my stem; *Ek ken hulle*, en hulle volg My (Johannes 10:27).

Die Here Jesus het hierdie waarheid veral aan Pilatus skerp geopenbaar:

Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem. (Joh 18:37 AFR1953)

Dit is hierdie mense waarna verwys word in ons teksvers: Maar aan almal wat Hom aangeneem het,

dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Uit al hierdie Skrifgegewens is dit duidelik dat dit nie so 'n eenvoudige proses is om kinders van God te word nie, want om kind van God te wees, stel baie eise aan ons.

- Dit vereis saam met *kennis* van God ook nog *geloof* in die Here.
- Ons lees hierdie verband raak in Johannes 6:69: En *ons het geglo* en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God (En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is).
- Die Apostel Paulus het dieselfde aan die kerke in Galasië geskryf:

Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; (Gal 3:26 AFR1953)

NAV: Deur hierdie *geloof* in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God.

Jy moet glo en weet, want daarsonder kan jy geen direkte gemeenskap met die Here hê nie. Ons moet glo om gehoorsaam te kan wees en Jesus Christus navolg.

Met al hierdie dinge in gedagte begin die Here se woorde vir ons duidelik word.

- Vir die wat Hom aangeneem het, het Hy mag/reg gegee om kinders van God te word. Die Here openbaar twee dinge:
 - Daar moet 'n band van verantwoordelikheid en gemenskap tussen ons en Hom wees.
 - Daarmee saam verskaf Hy die energie wat ons nodig het om al die verantwoordelikhede wat dit meebring, te kan nakom.

Ons moet die Here Jesus aanneem as God en Verlosser.

- Ons weet almal dat die Bybel op ander plekke openbaar dat ons "aanneem van die Here Jesus" as ons Verlosser nie die diepste grond van ons redding is nie.
- Die Bybel leer dat daardie diepste grond in God se ewige uitverkiesing vasgemaak is.
 - Dit beteken egter nie dat ons nou geen verantwoordelikheid het nie.
 - Ons het - en dit is waarom dit hier gaan.

Mense wil hulle nie voor God neerbuig nie, want hulle wil in hulle eie reg god wees.

- Die Heilige Gees openbaar met hartseer dat, toe die ware Verlosser opgedaag het, die mensdom wat aan Hom behoort as sy eiendom, vyandig teenoor Hom gestaan het.
- Hulle het Hom verwerp.
- Genadiglik was daar enkeles wat wel in Hom geglo het. Daarom gebruik die Here hier die woord "aanneem" om die mense te beskryf wat nog insig het en wat hulle verhouding met die Here besef.

Die Bybel beskryf dat hierdie mense nie uit hulleself hierdie bekwaamheid het nie. Die Here maak dit vir hulle moontlik om kinders van God te word.

- Hierdie groep mense is nie volmaak nie.
- Hulle is ook nie beter as die ander nie.
- Hulle het net soveel sondes, en hulle word net so sieklik en gebrekklik.

Daar is net een baie belangrike verskil tussen hulle en die ander wat die Here nie aangeneem het nie: Hulle het die behoefte aan verlossing en 'n Verlosser.

Daarom maak die Here dit vir hulle moontlik om uit hierdie toestand te kan uitkom: hulle kan kinders van God word. Die Bybel beskryf 'n baie groot en diep proses in God se raad met 'n enkele sin:

...aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word.

- Hulle is nog nie kinders van God nie, maar daar is 'n proses aan die gang, sodat hulle wel in die toestand kan inkom waar hulle kinders van God is.
- Dit is die belang van die woorde: kinders van God te word.

Die woord in die Bybel wat vertaal word met “mag/reg” beteken iets soos “bevoegdheid, toestemming, vermoë.”

Dit beteken, baie eenvoudig gestel, dat hierdie mense deur 'n proses van bekering en wedergeboorte deur God in die posisie gestel word waar hulle gaan eindig as sy kinders.

- Ons kry by die Here die vermoë om te kan verander.
- Ons kry die vermoë om te kan weet wat is reg en verkeerd.
- Ons kry die vermoë om te kan besef dat daar geen manier is om in die hiernamaals te kom nie, behalwe deur die versoening van die Here Jesus Christus.
- Hierdie kindskap is verseker deur die Lig wat na sy eiendom toe gekom het.

Ons moet besef hoe geweldig groot die seën van die Here oor ons is dat ons sy kinders word.

- Dit beteken dat ons nie meer doodgaan nie. Ons liggame kan 'n tydlang gaan rus, maar die Bybel leer baie duidelik dat ons ook nie meer kan sterwe nie.
- In die tussentyd tot met die wederkoms is ons soos die engele.
- Ons is kinders van God, omdat ons uit die dood opgestaan het (Lukas 20:36).

Want hulle kan ook nie meer sterwe nie, want hulle is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is. (Luk 20:36 AFR1953)

Die dood van die Here Jesus het tot gevolg dat ons wat kinders van God is, wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar gebring gaan word (Johannes 11:52).

- Ons leef in sulke twyfelagtige tye - tye waarin mense soms vra: Hoe weet ek ek is 'n kind van God?
- Die Here gee 'n sterk troos deur vir die wat Hom aanneem en sy kinders word: Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God (Romeine 8:14).
- Die Heilige Gees maak ons kinders van God en laat ons tot God roep: Vader (Romeine 8:15).
- Die Heilige Gees sal ons ook juis in ons insigte bystaan dat ons nie weer slawe van die een of ander sisteem word, en weer in vrees lewe nie.
- Sulke mense ontvang juis die vryheid van God se kinders (Romeine 8:15, 16).

Die vryheid wat die kinders van God uiteindelik sal hê, is so geweldig dat selfs die skepping daarna uitsien om daarin te deel.

- Hierdie volmaakte vryheid word 'n volle werklikheid op die wederkomsdag.
- Daardie dag sien ons fisies die werklikheid in God se eindoordeel wanneer die Here openbaar waar die skeiding is tussen die wat sy kinders is en die wat dit nie is nie (Romeine 8:19, 21).

Die manier waarop ons kinders van God word, is juis deur die Lig wat in die wêreld gekom het.

- Die lig wat geskyn het, was nie net die lig van sy heerlijkheid en Goddelike majesteit nie.
- Dit was die lig van verlossing deur sy dood.

Die Bybel verwys daarna dat die wat kinders van God geword het, nie kinders van God geword het soos wat hulle volgens die gewone gang van die lewe gebore is nie.

- Hulle het kinders van God geword kragtens die belofte van God (Romeine 9:8): Die belofte van

God was dat sy Seun gebore sou word om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons as kinders van God aangeneem kon word (Galasiërs 4:5).

Tot sover is dit baie maklik, want dit is alles dinge wat deur die Here self gedoen word. Maar, wat doen ons met die vermoë (OAV: mag/reg) wat die Here vir ons gegee het om kinders van God te word?

- Is ons besig om te verander en uit die sonde uit te groei?
- Matteus 5:9 leer ons dat die kinders van God vredemakers is.
 - Vredemakers het 'n baie definitiewe Bybelse inhoud. Dit is nie net mense wat bakleiers uitmekaarmaak nie.
 - Dit is mense wat vir vrede van God kan toepas.
 - Die Bybel leer ons dat God se vrede vasgemaak is aan sy orde. Die een bestaan nie sonder die ander nie. Dra ons die vrede van God uit?

Omdat ons kinders van God is, het ons die vermoë gekry om te sorg dat ons bo alle verdenking staan en opreg bly.

- Ons moet onberispelike kinders van God wees te midde van ontaarde en korrupte mense.
- Ons moet onder hulle optree as ligdraers in die wêreld (Filippense 2:15).
- Dit is deel van die vermoë wat ons by die Groot Ligdraer gekry het.

Ons moet ook nie dink dat die Here ons sondes sommer net ewe goedsmoeds sal verskoon nie.

- Hy sien 'n verskil raak tussen die mense. Hy gee selfs vir ons die maatstaf waarmee Hy onderskei tussen die mense:
 - Hy sê dat die kinders van God en die kinders van die duiwel geopenbaar is: Dit is duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is, want iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie (1 Johannes 3. Vgl. 1 Johannes 5:2).

Waar staan ons nou? U het die Here Jesus as God en Verlosser aangeneem.

- As dit nie so was nie, was u nie nou hier saam in 'n erediens nie.
- Die Here gee aan u die versekering dat Hy u die vermoë gee om kinders van God te word. In beginsel is ons dit alreeds.

Maar ons is nog voluit in die lewe. Ons loop ons elke dag teen probleme vas.

- Daarom kom hierdie versekering dat Hy ons bekwaam maak om kinders van God te word.
- Prakties beteken dit dat u nie moet moedeloos word nie. Gaan net vorentoe. Die Here voorsien die uitslag in sy genade.

U sal al hoe meer teen die sonde - en watter beslissings daar ookal mag wees - oorwin, want u is 'n kind van God.

- Daar mag baie moeilike oomblikke wees.
- Daar mag oomblikke wees wanneer u alleen staan in u stryd teen reg en verkeerd.
- Maar u het die bevoegdheid kragtens die kruis om ook in hierdie oomblikke kind van God te wees. Die Heilige Gees sal u daarin lei.

In hierdie lewe is dit nog nie so duidelik dat ons reeds kinders is nie, maar mettertyd sal dit al hoe duideliker word.

- Uiteindelik, wanneer die Here verskyn word dit finaal openbaar gemaak dat ons deur sy

versoening kinders van God is.

- Dan is die proses voltooi, en gaan ons die ewige heerlikheid in - as kinders van God wat tot in ewigheid by Hom sal wees.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 84:3.

3-
*Welsalig is die mensekind
wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte.
Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein
waar dorstand smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek
wat hul tot nuwe lewe wek.*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Desember 2009